Donderdag **18 April**

**Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23**

**Fokusgedeelte: Romeine 6:17 (in die lig van vs. 14-16)**

**Die krag van die evangelie bewerk ’n nuwe lewe van gehoorsaamheid**

In Romeine 6 (vs. 1, 15) word die vraag of die evangelie van God se genade inhou dat ons maar kan aanhou sondig, twee keer gevra. Beide kere reageer die apostel met “beslis nie”. As jy wel so dink en lewe, sê hy, het jy die betekenis van jou doop (dat jy één is met Christus en daarom dood is vir die sonde) of van jou bekering (dat jy jou onderwerp het aan God en daarom in diens van God is) nie begryp en geleef nie. Die deur na die ou, sondige lewe is vir jou eenvoudig gesluit en jy het deur jou doop en bekering die oop deur na ’n nuwe lewe binnegegaan.

Dit is die volle evangelie wat in die vorm van die apostoliese leer aan ons oorgelewer is en wat ons aanvaar het. Hierdie lewende leer uit die lewende bron van die evangelie van die dood en opstanding van Christus is die krag van God tot saligheid. Dit bewerk en impliseer geloofsgehoorsaamheid, lewensheiliging, lewensverandering en lewensvernuwing!

Die evangelie van genade is nie goedkoop nie. Dit reduseer die geloofslewe nie tot ’n vanselfsprekende minimum, sodat jy maar jou eie gang kan gaan en doen wat jy wil nie. Inteendeel, nuwe gehoorsaamheid is deel van die oorgelewerde heilsleer, van die weg na saligheid.

Wie eiendom van die getroue Saligmaker, Jesus Christus, geword het, is deur die kragtige werk van die Heilige Gees van harte gewillig en bereid om verder vir die Here te lewe (HK 1:1). Dit is ons dank aan God, waarvoor Paulus God dank.

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Dr. H (Hessel) Dijkstra (Emeritus)*